testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

## NOVEMBER 2020

## GRAAD 9

# NATUURWETENSKAPPE

EXEMPLAR

**NAAM VAN LEERDER:** ______________________________

**GRAAD 9:** ________

**NAAM VAN SKOOL:** ______________________________

**PUNTE: 100**

**TYD: 2 uur**

**17 bladsye**

| VRAE | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| LEERDER SE PUNTE | | | | | | | | | | | | |
| PUNTE | 8 | 6 | 6 | 8 | 10 | 7 | 5 | 17 | 10 | 16 | 7 | 100 |

**INSTRUKSIES EN INFORMASIE**

1. Skryf jou naam, van en klas op die voorblad van die vraestel wat dien as ŉ ANTWOORDBLAD.

2. Beantwoord alle vrae in die spasies wat in die vraestel voorsien word.

3. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C gebaseer op die voorgeskrewe raamwerk van die KABV dokument.

4. Toekenning van punte:

   AFDELING A [20]
   AFDELING B [30]
   AFDELING C [50]

5. Hierdie vraestel bestaan uit elf vrae en sewentien bladsye.

6. Alle tekeninge moet in potlood gedoen word en byskrifte in blou of swart ink.

7. Skryf netjies en leesbaar.

EXEMPLAR

EXEMPLAR

## AFDELING A

## VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae voorsien. Elke vraag het slegs EEN korrekte antwoord. Kies die korrekte opsie en skryf die korrekte letter (A – D) in die blokkies wat voorsien word.


1.1 ŉ Bal word in die lug gegooi en val terug na die aarde.
Die krag wat dit laat val is …

A magnetiese krag.
B wrywingskrag.
C gravitasiekrag.
D elektrostatiese krag. (1)

1.2 ŉ Eenvoudige toestel wat ŉ elektriese stroombaan oop- en toemaak staan bekend as ŉ ….

A sel.
B skakelaar.
C battery.
D reostaat. (1)

1.3 Watter ammeters in die onderstaande stroombaan het dieselfde lesings? Neem kennis dat alle selle en alle gloeilampe identies is.




A A1 and A4
B A1 and A2
C A4 and A2
D A4 and A3 (1)

1.4 Weerlig is ŉ toepassing van …

A magnetiese kragte.
B elektrostatiese kragte.
C gravitasiekragte.
D spanningskrag. (1)

1.5 Die stowwe voor die pyltie in ŉ chemiese reaksie vergelyking word … genoem.

A produkte
B sure
C basisse
D reaktante (1)

1.6 ŉ Eienskap van suur:

A voel seperig
B smaak bitter
C neutrale pH
D smaak suur (1)

1.7 Die reaksie van magnesium (metaal) met suurstof sal altyd ŉ produk ... gee.

A magnesium soute
B magnesium hydroksiede
C magnesium oksiede
D magnesium dioksiede (1)

1.8 ŉ Stroombaanvorm wat geskik is vir die bedrading in ŉ huis.

A Seriestroombaan
B Parallelstroombaan
C Beide parallel en serie
D Nie een van die twee stroombane nie (1)

**[8]**

EXEMPLAR

**VRAAG 2**

**TERMINOLOGIE**

Gee die korrekte wetenskaplike term vir die volgende beskrywings. Skryf slegs die term neer in die spasie wat voorsien is.

2.1 ŉ Krag wat ontstaan wanneer twee voorwerpe in kontak met mekaar is, word ŉ … genoem.

______________________________ (1)

2.2 Die rangskikking van alle bekende elemente gebaseer op hul atoomgetal en chemiese eienskappe.

______________________________ (1)

2.3 Die komponent wat die vloei van ŉ stroom in ŉ elektriese stroombaan teenstaan.

______________________________ (1)

2.4 Die getal protone en neutrone in die nukleus van die atoom.

______________________________ (1)

2.5 Die proses wat plaasvind wanneer ŉ suur en basis reageer.

______________________________ (1)

2.6 Die verbinding wat vorm wanneer koolstof met suurstof reageer.

______________________________ (1)

**[6]**

EXEMPLAR

**VRAAG 3**

**PASITEMS**

Kies ʼn item uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – H) neer langs die nommer (3.1 tot 3.6) in die spasie wat voorsien word.

| KOLOM A | KOLOM B | ANTWOORD |
|---|---|---|
| 3.1 ʼn Veiligheidstoestel in ʼn elektriese stroombaan wat smelt as die stroom ʼn veiligheidsvlak oorskry | A Stroombreker | 3.1 ____ |
| 3.2 Nuwe stowwe wat vorm in ʼn chemiese reaksie | B Universele indikators | 3.2 ____ |
| 3.3 ʼn Stof wat verander in ʼn reeks kleure as dit in verskillende oplossings geplaas word afhangend van die pH van die oplossing | C Ohms | 3.3 ____ |
| 3.4 Elektriese weerstand word gemeet in … | D Produkte | 3.4 ____ |
| 3.5 ʼn Veiligheidstoestel wat outomaties die vloei van ʼn elektriese stroom afskakel wanneer ʼn oorbelading of kortsluiting plaasvind | E Atoom massagetal | 3.5 ____ |
| 3.6 Die elemente in die Periodieke Tabel van Elemente word in die toenemende volgorde van hul … geplaas | F Smeltdraad | 3.6 ____ |
| | G Geleier | |
| | H Atoomgetal | |

**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

EXEMPLAR

**AFDELING B**

**MATERIE EN MATERIALE**

**VRAAG 4**

**DIE PERIODIEKE TABEL VAN ELEMENTE EN VERBINDINGS**

Gebruik die aangehegte Periodieke Tabel van Elemente en beantwoord die vrae wat volg.

4.1 Skryf EEN semi-metaal in periode 2 neer.

____________________________________________ (1)

4.2 Skryf die naam van die element in groep 16, periode 2 neer.

____________________________________________ (1)

4.3 Verskaf die naam van die element wat 10 protone het.

____________________________________________ (1)

4.4 Gee die atoomgetal van magnesium.

____________________________________________ (1)

4.5 Gee die atoommassa getal van chloor.

____________________________________________ (1)

4.6 ʼn Verbinding word geskryf as $\mathbf{SO_3}$. Skryf al die inligting neer wat deur die formule oorgedra word.

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________ (3)

**[8]**


EXEMPLAR

## VRAAG 5

## CHEMIESE REAKSIES

5.1 Waterstof reageer met suurstof om water te vorm. Gebruik die onderstaande sleutel en verskaf 'n prentjievergelyking vir die volgende reaksie.

SLEUTEL

 Waterstof  Suurstof

(4)

5.2 Skryf 'n gebalanseerde chemiese vergelyking vir die reaksie vir jou antwoord in VRAAG 5.1.

(4)

5.3 Balanseer die volgende chemiese vergelyking.

**$Cu + O_2 \rightarrow CuO$**

(2)
**[10]**

EXEMPLAR

**VRAAG 6**

**REAKSIE VAN METALE EN NIE-METALE MET SUURSTOF**

Roes is ŉ natuurlike proses wat in die natuur voorkom en die effekte daarvan kan aantreklik wees maar ook skadelik en gevaarlik.

6.1 Wat is roesting en hoe is dit ongewens vir ons?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

6.2 Hoe kan ons die roesting van yster voorkom? Verskaf slegs TWEE maniere van voorkomende maatreëls.

______________________________________________

______________________________________________ (2)

6.3 ŉ Persoon slaap in ŉ kamer met ŉ koolvuur wat brand. Al die vensters en deure van die kamer is toe. Is dit ŉ gesonde situasie, in jou opinie? Motiveer jou antwoord.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (3)


**[7]**

EXEMPLAR

**VRAAG 7**

**SURE, BASISSE EN HULLE pH-WAARDE**

Die volgende grafiek verteenwoordig die pH-waardes van verskillende huishoudelike stowwe. Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




7.1 Watter tipe grafiek word hier voorgestel?

______________________________ (1)

7.2 Noem die stof wat die suurste is op die grafiek.

______________________________ (1)

7.3 Voorspel wat sal gebeur as jy asyn by koeksoda gooi.

______________________________ (1)

7.4 Wat sal die pH-waarde van die stof wees wat in VRAAG 7.3 sal vorm?

______________________________ (1)

7.5 Watter kleur sal die stof in VRAAG 7.3 op die universele indikator aandui?

______________________________ (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**



EXEM


**AFDELING C**

**ENERGIE EN VERANDERING**

**VRAAG 8**

**KRAGTE**

8.1 ŉ Seun probeer ŉ swaar klip oor ŉ oppervlak trek. Noem die verskillende kragte wat op die klip sal inwerk.



______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (5)

8.2 ŉ Ballon word teen ŉ trui gevryf en die ballon word negatief gelaai.

8.2.1 Verduidelik wat "negatief gelaai" beteken.

______________________________________________ (2)

8.2.2 Verduidelik waar die negatiewe lading vandaan kom. (Verwys na beide protone en elektrone in jou antwoord.)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (4)

EXEMPLAR

8.3 Noem die tipe krag wat die ballon en die trui ondervind NADAT dit gevryf is.

_______________________________________________ (1)

8.4 Sal die bogenoemde krag waarna verwys word ŉ aantrekkings- of afstotingskrag wees?

_______________________________________________ (1)

8.5 Verduidelik wat bedoel word met elektrostatiese krag.

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________ (2)

8.6 Verduidelik TWEE punte van verskille tussen elektrostatiese krag en gravitasiekrag.

| Elektrostatiese krag | Gravitasiekrag/Swaartskrag |
|---|---|
| 1. | 1. |
| 2. | 2. |


(2)
**[17]**

EXEMPLAR

**VRAAG 9**

**ELEKTRIESE SELLE AS ENERGIESTELSELS**

Suur vrugte soos suurlemoene kan as ŉ sel in elektriese stroombane gebruik word soos hieronder getoon. Die vrug word saggies gedruk om dit sag te maak en die sap aan die binnekant vry te stel en terselfdertyd verseker dat die skil nie breek nie.




9.1 Definieer die term elektroliet.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

9.2 Wat is die funksie van die LED gloeilampie in die bogenoemde stroombaandiagram?

______________________________________________

______________________________________________ (2)

9.3 Teken ŉ diagram van ŉ simbool van ŉ sel in die elektriese stroombaan.

(2)

EXEMPLAR

9.4 Onderskei tussen ŉ sel en ŉ battery in ŉ elektriese stroombaan.

| Sel | Battery |
|---|---|
| | |

(2)

9.5 Noem die funksie van die suur in die suurlemoen in die bogenoemde sel.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

**[10]**

**VRAAG 10**

**WEERSTAND**

Leerders het die effek van die lengte van geleiers op hul weerstand ondersoek. Hulle het vyf koperdrade van verskillende lengtes gebruik en die ammeterlesings vir elke lengte aangeteken.

Die onderstaande tabel dui die aangetekende resultate.

| LENGTE VAN DIE DRAAD (cm) | LESING OP DIE AMMETER (Ampere) |
|---|---|
| 3 | 5 |
| 6 | 4 |
| 9 | 3 |
| 12 | 2 |
| 15 | 1 |

10.1 Teken ŉ lyngrafiek van die lengte van die geleier teenoor die stroom in die spasie wat voorsien word. (4)

EXEMPLAR

10.2 Voorsien ŉ doel vir hierdie eksperiment.

______________________________________________

______________________________________________ (2)

10.3 Beskryf die patroon wat deur die grafiek getoon word.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

10.4 Interpreteer die patroon in terme van die lengte van die geleier en die weerstand.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

10.5 Voorspel ŉ hipotese vir hierdie eksperiment.

______________________________________________

______________________________________________ (2)

10.6 Identifiseer die:

10.6.1 Afhanklike veranderlike: ______________________

______________________________________________ (1)

10.6.2 Onafhanklike veranderlike: ______________________

______________________________________________ (1)

10.7 Deur die resultate uit die grafiek te gebruik, wat sal jou gevolgtrekking wees?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)


**[16]**

EXEMPLAR

**VRAAG 11**

**REEKS EN PARALLELLE STROOMBANE EN VEILIGHEID MET ELEKTRISITEIT**

11.1 Beskou die volgende stroombaandiagram. Alle gloeilampies is identies.




11.1.1 As die spanning van een sel 3V is, bepaal die spanning van die battery.

_____________________________________________________ (2)

11.1.2 Dui aan wat jy weet van die stroom deur gloeilampie 2 and 3.

_____________________________________________________


_____________________________________________________ (1)

11.1.3 As gloeilampie 1 doodgaan, wat sal gebeur met gloeilampie 3? Verduidelik jou antwoord.

_____________________________________________________ (2)

EXEMPLAR

11.2 Beantwoord die vraag gebaseer op die onderstaande diagram.



Waarom veroorsaak die koppeling van te veel toestelle in 'n enkele muurprop oorbelading?

___

___

___ (2)

**[7]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

**TOTAAL: 100**

EXEMPLAR

**EINDE**